

2021

Dankbaarheid en
vaste fundamente

Dameskring
Bergsigtak
(Lina du Plessis)

Dankie vir ...

vaste fundamente

FONDAMENTE, HOEKSTONE EN ROTSE

“Waarop rus die fondasie van die aarde? En wie het sy hoeksteen gelê?” (Job 38:6). Hierdie vers sê dit alles.

Sonder 'n stewige fondament is daar baie min dinge wat sal bly staan wanneer dit deur storms geskud word. Inteendeel, fundamente is essensieel ten opsigte van alles wat gebou word of dit nou paaie, brûe, wolkekrabbers, huise, verhoudings of lewens is.

Ons hou letterlik nooit op bou nie. Ons bou soms op ons eie fundamente (wat goed is, of dalk nie), en op die fundamente van ons kultuur, erfenis, tradisies, geskiedenis, herkoms en geloof (wat goed is).

Onthou jy die storie wat Jesus vertel het van die twee ouens wat vir hulle huise gebou het. Een het sy huis op sand gebou (sonder 'n fondament) en die ander een het sy huis op 'n rots gebou. En toe kom daar 'n geweldige storm en nadat die storm verby was, was daar net een huis oor, die een wat op die rots gebou was. *“It takes wisdom to build a house, and understanding to set it on a firm foundation”* (Proverbs 24:3).

Ons ken die *“moral of the story.”* Waarop bou jy jou lewe? Sal jou fondament die storms van die lewe kan weerstaan? Jesus vir die mense gesê: “Ek het julle nou baie dinge oor God geleer. As julle my woorde ter harte neem en dit doen, tree julle reg op. Dan is julle lewens op 'n stewige fondament gebou” (Matteus 7:24).

In die Bybelse tyd was hoekstone net so belangrik soos fondasies. Die Here sê in Jesaja 28:16: “Ek lê 'n fondament in Sion en sit 'n hoeksteen van graniet daarop neer wat sterk en veilig is om op te bou. Iemand wat op die Here vertrou, hoef nie paniekerig te word en te vlug nie.”

Jesus word ook vergelyk met 'n hoeksteen. Die een wat deur die bouers verwerp is! “'n Klip wat die bouers nie wou gebruik nie en somer eenkant toe gegooi het, het God reg bokant die voordeur ingebou vir almal om te sien” (Lukas 20:17). Die middelste klip wat in die bokant van 'n ingang ingebou is, is ook 'n hoeksteen genoem. As jy dit uithaal val die hele ingang inmekaar.

Maar ons is soms ook fundamente! Ek lees in Matteus 16:18: “Noudat jy gesê het wie Ek is, gaan Ek ook vir jou sê wie jy regtig is. Jy is Petrus, die rots. Op hierdie rots sal Ek my kerk bou.” Vir wie is jy 'n fondament om op te bou?

Here, ek weet nie of U dit moet waag om op my te bou nie ... Ek verbrokkel so maklik! Maar dankie dat U my vertrou om U kerk op aarde te wees. Amen.